higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1

1 April 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
- Verlore tyd van werkers
- Skade aan toerusting
- Negatiewe invloed op produksie
- Betaling van vergoeding
- Laer produksie van beseerde persoon wanneer hy/sy terugkeer werk toe
- Verlies aan wins omdat toerusting nie teen volle kapasiteit gewerk het nie
- Laer moreel van werkers (Enige 6 × 1) (6)

1.2
- Hou die area skoon van afval en ander materiaal.
- Berg ontvlambare vloeistof in behoorlik benoemde houers in geventileerde store.
- Moenie olierige lappe en ander ontvlambare materiaal laat ophoop nie.
- Maak seker dat die brandblusstelsel in ’n goeie, werkende toestand is.
- Maak seker dat uitgange duidelik gemerk is en dat hulle nooit geblokkeer of versper is nie.
- Stel ’n brandontsnappingsroete op en maak seker dat almal dit ken.
- Lei werkers op om op die uitkyk vir brandgevare te wees en onveilige toestande onder die toesighouer se aandag te bring. (Enige 6 × 1) (6)

1.3
- Valle
- Brande
- Versmoring
- Vergiftiging
- Verdrinking
- Motorongelukke
- Vurwapens (7)

1.4 Persoonlike beskermingstoerusting. (1)

[20]

VRAAG 2

2.1
2.1.1 Grief
2.1.2 Stakings
2.1.3 Produksie
2.1.4 Onreg
2.1.5 FOSATU
2.1.6 Wet op Basiese Diensvoorwaardes
2.1.7 Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid
2.1.8 COSATU
2.1.9 Nasionale Mynwerkersunie
2.1.10 1 Mei
2.1.11 1989

(11 × 1) (11)

Kopiereg voorbehou

2.2
- Welsynsvoordele
- Finansiële afslag
- Regshulp
- Onderwys en opleiding (4)

[15]

VRAAG 3

3.1
- Kommunikasie is vinniger✓ en meer akkuraat ✓ omdat die boodskap deur minder mense oorgedra moet word.✓
- Bestuurders is nader aan alle werknemers✓ sodat hulle die werk wat hulle doen beter verstaan.✓
- Kontrolespan sal wyer wees,✓ wat beteken dat die bestuurder na meer ondergeskiktes moet omsien.✓
- Daarom moet die bestuurder meer delegeer, wat voordelig is.✓
- Werkers kry groter werksbevrediging✓en voel dat hulle vertrou word omdat daar gedelegeer word.✓ (5 × 2) (10)

3.2
- Dit maak verandering makliker.
- Dit verhoog werknemers se toewyding.
- Dit verhoog koördinasie.
- Dit help verseker dat alle werknemers vir dieselfde doelwitte werk.
- Dit verhoog die moreel in die werksplek.
- Dit verminder ongelukke en voorkom onnodige insidente. (Enige 4 × 1) (4)

3.3 Spandeer minder as wat jy verdien✓
- ’n Beproefde reël van persoonlike finansiering is dat jy nooit al die geld wat jy verdien moet spandeer nie.✓
- Hou jou totale lewenskoste en uitgaande betalings op nie meer as 80% van jou inkomste na aftrekkings nie.✓
- Dit gee jou ’n buffer wat jy kan gebruik om ’n plan vir toekomstige behoeftes en selfs ’n paar luukshede op te stel. ✓

Betaal jouself eerste✓
- Die beste manier om seker te maak dat jy ’n bietjie geld eenkant hou vir tye van nood is om jouself eerste te betaal.✓
- Een manier om dit te doen, is om outomatiese oorplasings op ’n spesifieke datum uit jou tjekrekening na ’n spaarrekening by jou bank in te stel. ✓
- Met ’n bietjie dissipline kan jy jou tjekrekening een keer per maand of tweeweekliks vee sodat jou spaargeld groei met enige bedrag wat jy aan die begin van jou volgende betaaldag beskikbaar het.✓

Noodsaaklikhede eerste, begeertes later✓
- Stel ’n maandelikse begroting net vir jou noodsaaklikhede op. Hierdie begroting moet basiese items soos kos, blyplek, vervoer, gesondheidsorg en werk-verwante klerasie insluit.✓
- Jy behoort vermaak en ontspanning in ag te neem, maar teen ’n laer prioriteit. Dit sal jou help om verpligte uitgawes van diskresionêre inkomste te skei. Dit help jou ook om te besef hoeveel van jou inkomste aan goed wat jy begeer en luukshede toegewys word.✓
- ’n Goeie plan vir opsionele goed (begeerlikhede) is om te beplan hoe om dit te kry sonder om die bedrag wat jy spaar of vir daaglikse lewenskoste nodig het, te gebruik.✓

Kopiereg voorbehou

Stel slim finansiële doelwitte✓
- Stel doelwitte om jou finansies te bestuur. Skep 'n padkaart vir jou toekoms sodat jy weet waarheen jy op pad is en hoe lank dit gaan neem om daar te kom.✓
- Jou finansiële doelwitte moet spesifiek en meetbaar wees.✓
- Jou doelwitte moet tydig wees. Stel 'n datum waarop dit moet gebeur.✓

(4 × 4) (16)

3.4
- Medies, sjirurgiese diens, behandeling deur dokters en spesialiste
- Hospitalisasie
- Operasiesaalkoste
- Verpleegdienste
- Vervoer na en van hospitale
- Medisyne op voorskrif voorsien deur dokters of spesialiste
- Bevallingstoelaag
- Tandheelkundige diens (8)

3.5
- Staan voor die OTM en druk jou bankkaart in die gleuf.
- Sleutel jou geheime PIN-kode in.
- Kies die soort rekening wat jy vir die transaksie wil gebruik, bv spaarrekening.
- Kies die diens wat jy nodig het, bv. onttrekking of saldonavraag.
- Sleutel die bedrag in wat jy wil onttrek.
- Kies of jy 'n gedrukte ontvangsbewys wil ontvang.
- Neem jou kontant, verwyder jou kaart uit die gleuf en stap weg. (7)

[45]

VRAAG 4

4.1
4.1.1 Wes-Kaap
4.1.2 Mpumalanga
4.1.3 Limpopo
4.1.4 Vrystaat
4.1.5 Limpopo
4.1.6 Limpopo
4.1.7 Oos-kaap
4.1.8 Kwa-Zulu Natal

(8 × 1) (8)

4.2 Engels (1)

4.3 4.3.1
- Formele skoene
- Formele rok/romp
- Formele dameshemp
- Formele damesbaadjie (4)

4.3.2
- Formele skoene
- Formele langbroek
- Formele manshemp
- Formele mansbaadjie (4)

4.4
- Interpersoonlike verhouding
- Platoniese verhouding
- Familieverhouding
- Professionele verhouding
- Sakeverhouding (Enige 3 × 1) (3)

[20]

TOTAAL: 100

Copyright reserved